

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

15 September 1973.

WINDHOEK

15 September 1973.

No. 3352

CONTENTS

PROCLAMATION:

- R 200 (Republic) Annual Fees payable by Persons registered in respect of Professions referred to in Section 32 of Act 13 of 1928

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 165 Townships Board Regulations
- No. 166 Request for the closing of District Road 306 and the proclamation of a District Road: Districts of Keetmanshoop and Karasburg .
- No. 167 Amendment of Regulations relating to Nature Conservation
- No. 168 Amendment of Regulations relating to Nature Conservation
- No. 169 Closing of Farm Road 563 and the Proclamation and Classification of Roads: District of Keetmanshoop
- No. 170 Request for the closing of a portion of Farm Road 582: District of Keetmanshoop
- No. 171 Regulations on the Political Rights of Employees
- No. 172 Municipality of Otavi: Native housing levy and Contributions Ordinance, 1961
- No. 173 Price Control: Maximum Prices of Fish Meal
- No. 174 Village Management Board of Kalkfeld: Amendment of Native Location Regulations
- No. 175 Municipality of Windhoek: Amendment of Native Location Regulations
- No. R.1434 (Republic) The Tonnage Regulations, 1973 .
- No. R.1470 (Republic) The Fees Regulations for certain Survey Services, 1973
- No. R.1471 (Republic) Department of National Education: Declaration of a National Monument

INHOUD

PROKLAMASIE:

- (Republiek) Jaarlikse gelde betaalbaar deur Persone geregistreer ten opsigte van Beroepe vermeld in Artikel 32 van Wet 13 van 1928 976

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- Dorperaadregulasies
- 976
- Versoek tot sluiting van Distrikspad 306 en die Proklamering van 'n Distrikspad: Distrikte Keetmanshoop en Karasburg
- 987
- Wysiging van Regulasies betreffende Natuurbewaring
- 988
- Wysiging van Regulasies betreffende Natuurbewaring
- 988
- Sluiting van Plaaspad 563 en die Proklamering en Klassifikasie van paaie: Distrik Keetmanshoop
- 989
- Versoek tot sluiting van 'n gedeelte van Plaaspad 582: Distrik Keetmanshoop
- 989
- Regulasies op die Politieke regte van Werknemers
- 990
- Munisipaliteit van Otavi: Ordonnansie insake heffings en bydraes vir Inboorlingbehuising 1961
- 990
- Prysbeheer: Maksimum pryse van vismeel .
- 991
- Dorpsbestuur Kalkfeld: Wysiging van Lokasie Regulasies
- 991
- Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Lokasie Regulasies
- 993
- (Republiek) Tonnemaatregulasies, 1973 ...
- 996
- (Republiek) Die Geldregulasies vir sekere Opnemingsdienste, 1973
- 1014
- (Republiek) Departement van Nasionale Opvoeding: Verklaring van 'n Nasionale Gedenkwaardigheid
- 1025

No. R.1484 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/219)	(Republiek) Doeane - en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/219)	1026
No. R.1485 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/220)	(Republiek) Doeane -en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/220)	1026
No. R.1486 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/221)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/221)	1027
No. R.1487 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/222)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/222)	1027
No. R.1488 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/346)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/346) . . .	1028
No. R.1489 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/129)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/129) . . .	1028
No. R.1490 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/130)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/130) . . .	1029
No. R.1509 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/223)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/223)	1029
No. R.1515 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Amendment of the Regulations regarding the Degrees, Diplomas or Certificates entitling Medical Practitioners and Dentists to Registration	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Wysiging van die Regulasies betreffende die Grade, Diplomas of Sertifikate wat Geneeshere en Tandartse reg op Registrasie gee	1030
No. R.1532 (Republic) S.A. Medical and Dental Council	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad:	1031
No. R.1535 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/3/20)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964, 1964. Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/3/20)	1031
No. R.1561 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/224)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/224)	1035
No. R.1562 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/53)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/53)	1035
No. R.1568 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Appointment of Members	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Aanstelling van Lede	1036
No. R.1573 (Republic) Import Control	(Republiek) Invoerbeheer	1036
No. R.1617 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/225)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/225)	1039
No. R.1618 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/347)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/347) . . .	1040
No. R.1619 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/348)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/348) . . .	1041
No. R.1620 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/131)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/131) . . .	1041
No. R.1621 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/54)	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/54)	1042
GENERAL NOTICES:	ALGEMENE KENNISGEWINGS:	
No. 43 Municipality of Windhoek: Permanent Closing of Open Space	Munisipaliteit van Windhoek: Permanente Sluiting van Oop Ruimte	1042
No. 545 (Republic) Drugs Control Act, 1965. Application for Registration of Drugs	(Republiek) Departement van Gesondheid: Wet op die beheer van Medisyne, 1965. Aansoek om Registrasie van Medisyne	1043
No. 566 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Election of Members of the S.A. Medical and Dental Council	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Verkieping van lede van die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad	1043
No. 567 (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Notice of Election. Election of Members of the S.A. Medical and Dental Council	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Verkiepingskennisgewing. Verkieping van Lede van die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad	1044
ADVERTISEMENTS:	ADVERTENSIES:	1045

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

No. R.200 of 1973 (Republic)

ANNUAL FEES PAYABLE BY PERSONS REGISTERED IN RESPECT OF PROFESSIONS REFERRED TO IN SECTION 32 OF ACT 13 OF 1928

Under the powers vested in me by section 95A(1) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), as amended, I hereby authorise the South African Medical and Dental Council to prescribe a fee to be paid annually to the said Council by every person registered in respect of every profession for which the Council has established and keeps a register in terms of section 32 of the Act, but with the exception of persons registered as chiroprodists, health inspectors and occupational therapists.

Where any such registered person fails or refuses to pay the said fee after due notice and within 30 days of the date of such notice, the Council may recover the said fee in the manner prescribed by the said section of the Act.

Given under my hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria, this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council,
S. W. van der Merwe.

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

No. R.200 van 1973 (Republiek)

JAARLIKSE GELDE BETAALBAAR DEUR PERSONE GEREGISTREER TEN OPSIGTE VAN BEROEPE VERMELD IN ARTIKEL 32 VAN WET 13 VAN 1928

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 95A(1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, magtig ek die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad hierby om gelde voor te skryf wat jaarliks aan genoemde Raad betaal moet word deur elke persoon wat geregistreer is ten opsigte van elke beroep waarvoor die Raad kragtens artikel 32 van die Wet 'n register aangelê het en hou, maar met uitsluiting van die persone wat geregistreer is as chiroprodiste, gesondheidsinspekteurs en arbeidsterapeute.

Wanneer enige sodanige geregistreerde persoon na behoorlike kennisgewing in gebreke bly of weier om genoemde gelde binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing te betaal, kan die Raad sodanige gelde verhaal op die wyse voorgeskryf by genoemde artikel van die Wet.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade
S.W. van der Merwe.

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 165]

[15 September 1973

TOWNSHIPS BOARD REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 36 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) promulgated the following regulations:

1. In these regulations, unless inconsistent with the context:-

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 165]

[15 September 1973

DORPERAADREGULASIES:

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 36 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die volgende regulasies uitgevaardig:

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk beteken -

"the ordinance" shall mean the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963);

"chairman" shall mean the person nominated as chairman of the board in terms of the provisions of section 2 of the ordinance, or elected in the absence of the nominated chairman for the purpose of a particular meeting;

and any other word or expression shall have the same meaning as assigned thereto in the ordinance.

2. A member, not being an *ex officio* member, of the board, shall cease to be a member and shall forthwith vacate his office if he:

- (a) resigns; or
- (b) is or is about to become insolvent; or
- (c) is or becomes of unsound mind or
- (d) is at any time found guilty of an offence for which he is sentenced to imprisonment without the option of a fine; or
- (e) is absent from three consecutive meetings out the permission of the chairman; or
- (f) is discharged from office by the Executive Committee for neglect of duty or misconduct or for any other reason which the Executive Committee may consider adequate.

3. (1) The meetings of the board shall be held at such times and places as the board may determine from time to time: Provided that the board shall meet at least once a month if any applications have been referred to the board in terms of the ordinance.

(2) The chairman may at any time call a special meeting when he considers it necessary or advisable in any particular case, and shall call such a special meeting when requested to do so by at least three members of the board.

4. Four members of the board shall form a quorum for a meeting of the board: Provided that if the board at any time consists of five members only, three of those members shall form a quorum for a meeting of the board.

5. Questions which arise at a meeting of the board, shall be decided by a majority of votes of the members present and in the case of an equality of votes the chairman shall have a casting vote as well as his deliberative vote.

6. (1) Minutes shall be kept of the proceedings of every board meeting and such minutes shall be submitted to the board for approval at the next meeting of the board and then signed by the chairman of that meeting.

(2) The secretary shall bring to the notice of the chairman all cases held over for consideration at the previous meeting.

"die ordonnansie" die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963);

"voorsitter" die persoon wat ingevolge die bepalings van artikel 2 van die ordonnansie benoem is as voorsitter van die raad, of wat by afwesigheid van die benoemde voorsitter gekies is vir die doel van 'n bepaalde vergadering;

en het enige ander woord of uitdrukking waaraan in die ordonnansie 'n betekenis geheg word, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. 'n Lid wat nie ampshalwe lid van die raad is nie, hou op om lid te wees en moet sy amp onverwyld neerlê indien hy

- (a) bedank; of
- (b) insolvent is of raak; of
- (c) geestelik gekrenk is of raak; of
- (d) te eniger tyd skuldig bevind word aan 'n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnies word; of
- (e) by drie agtereenvolgende vergaderings afwesig is sonder die toestemming van die voorsitter; of
- (f) deur die Uitvoerende Komitee weens pligsverzuim of wangedrag of om enige ander rede wat die Uitvoerende Komitee voldoende ag, van sy amp onthef word.

3. (1) Die vergaderings van die raad word gehou op sodanige tye en plekke soos die raad van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat die raad minstens een keer per maand moet vergader indien enige aansoeke ingevolge die ordonnansie ter oorweging na die raad verwys is.

(2) Die voorsitter kan te eniger tyd wanneer hy dit in 'n bepaalde geval nodig of dienstig ag 'n spesiale vergadering belê, en moet so 'n spesiale vergadering belê wanneer hy deur minstens drie lede van die raad daartoe versoek word.

4. Vier lede van die raad maak 'n kworum vir 'n vergadering van die raad uit: Met dien verstande dat indien die raad te eniger tyd uit slegs vyf lede bestaan, drie van daardie lede 'n kworum vir 'n vergadering van die raad uitmaak.

5. Vrae wat by 'n vergadering van die raad ontstaan, word by meerderheid van stemme van die aanwesige lede beslis en by 'n staking van stemme het die voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

6. (1) Notule moet gehou word van die verrigtinge van elke raadsvergadering en sodanige notule moet op die volgende vergadering van die raad vir goedkeuring voorgelê en daarna deur die voorsitter van daardie vergadering geteken word.

(2) Die sekretaris moet alle sake wat op 'n vorige vergadering vir oorweging oorgehou is onder die aandag van die voorsitter bring.

ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS:

7. (a) Every application in terms of section 5(1) of the ordinance for permission to establish a township shall be made in the form set out in the schedule.
- (b) All the information called for in the said form shall be furnished fully therein or be attached thereto.
- (c) The application shall be signed by the registered owner of the land concerned and as many copies thereof as indicated in the schedule shall be submitted to the Secretary for South West Africa.
- (d) All the documents mentioned in the schedule and the annexures thereto shall be submitted together with the application.
8. The name of the proposed township shall be subject to the approval of the Administrator.
9. Every person submitting a document which commits the owner or which is intended to commit the owner, shall submit the power of attorney or other documents which empower him to act.
10. (1) The intention of the applicant in respect of the purpose for which any portion of the proposed township will be used, shall be clearly indicated on the plan accompanying the application in the form of a description of it on the diagram representing it and by an indication on a list of the purpose for which any premises are set apart.
- (2) The erven and public places proposed for the different purposes on the plan, shall be indicated with distinctive colours and numbers.
- (3) Development zones shall be indicated by means of distinctively coloured edges on the plan.
11. If any of the land in the vicinity of the proposed township has already been subdivided, the applicant shall indicate on the plan accompanying the application or on a separate plan, the positions of all streets or roads over the adjacent land relevant to the junction of such existing thoroughfares with those of the proposed township.
12. Applications shall be submitted to the Secretary for South West Africa (Townships Board), Private Bag 13186, Windhoek.
13. The charges prescribed hereinafter shall be assessed in respect of every application referred to the board for consideration or disposal in terms of the ordinance:
 - (a) In respect of an application for the establishments of a township in terms of section 5 of the ordinance — R10, plus R1 for each proposed erf: Provided that the said amount of R1 for each proposed erf shall not be assessed if the application is in respect of the

STIGTING VAN DORPE:

7. (a) Elke aansoek ingevolge artikel 5(1) van die ordonnansie om verlof om 'n dorp te stig moet gedoen word in die vorm uiteengesit in die Bylae.
- (b) Al die inligting wat in die genoemde vorm aangevra word moet volledig daarop verstrekk of daarby aangeheg word.
- (c) Die aansoek moet deur die geregistreerde eienaar van die betrokke grond onderteken word en soveel afskrifte daarvan soos in die Bylae aangedui word moet by die Sekretaris van Suidwes-Afrika ingedien word.
- (d) Al die dokumente vermeld in die Bylae en die Aanhangsels daartoe moet saam met die aansoek voorgelê word.
8. Die naam van die voorgestelde dorp is onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur.
9. Elke voorlegger van 'n dokument wat die eienaar bind of bedoel is om die eienaar te bind, moet die prokurasie of ander dokumente indien wat hom die bevoegdheid verleen om op te tree.
10. (1) Die voorneme van die aansoeker betreffende die doel waarvoor elke deel van die voorgestelde dorp gebruik sal word, moet duidelik op die plan wat die aansoek vergesel, aangetoon word deur dit te beskryf op die figuur wat dit verteenwoordig en deur die doel waarvoor elke perseel bestem is op 'n lys aan te dui.
- (2) Die persele en openbare plekke wat vir die onderskeie doeleindes op die plan voorgestel is, moet met kenmerkende kleure en nommers aangedui word.
- (3) Ontwikkelingsones moet deur middel van kenmerkende gekleurde rante op die plan aangedui word.
11. As enige grond in die omgewing van die voorgestelde dorp reeds onderverdeel is, moet die aansoeker op die plan wat die aansoek vergesel, of op 'n afsonderlike plan, die posisies van alle strate of paaie oor die naburige grond aantoon wat verband hou met die verbinding van sodanige bestaande deurgange met dié van die voorgestelde dorp.
12. Aansoeke moet by die Sekretaris van Suidwes-Afrika (Dorperaad), Privaatsak 13186, Windhoek, ingedien word.
13. Ten opsigte van elke aansoek wat ingevolge die ordonnansie na die raad verwys word ter oorweging of behandeling word die gelde aangeslaan wat hieronder voorgeskryf word -
 - (a) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 5 van die ordonnansie om verlof tot stigting van 'n dorp — R10, plus R1 vir elke beoogde erf: Met dien verstande dat die genoemde bedrag van R1 vir elke beoogde erf nie aangeslaan word nie in-

establishment of a township for Coloureds;

- (b) in respect of an application in terms of sections 19, 20 or 21, of the ordinance for permission to subdivide any erf or a piece of land referred to in such section — R10 per application, plus R1 for every new portion which is created as a result of such subdivision;
- (c) in respect of an application in terms of section 23 of the ordinance for approval for the alteration of the name of a township — R10;
- (d) in respect of an application in terms of section 24 of the ordinance for the deproclamation of a township — R10;
- (e) in respect of an application in terms of section 26(3) of the ordinance for the amendment or the partial or entire cancellation of a general plan of an approved township — R10;
- (f) in respect of an application in terms of section 30 of the ordinance for permission for the consolidation of erven or portions of erven or erven and portions of erven — R10;
- (g) in respect of an application in terms of section 31A(2) of the ordinance for the amendment of the conditions set out in the schedule to a proclamation promulgated under section 13 of the ordinance — R20; and
- (h) in respect of an application in terms of section 31A(1) of the ordinance for the amendment of conditions imposed in terms of the ordinance to which a title deed of land is subject — R10.

14. Subject to the provisions of regulation 7:

- (a) every application, in terms of the ordinance, together with documents accompanying the application shall be submitted in triplicate;
- (b) plans indicating proposed subdivisions or consolidations or both subdivisions and consolidations, shall be submitted in tenfold;
- (c) a complete new set of proposed conditions shall be submitted together with an application for consolidation of erven or portions of erven or erven and portions of erven;
- (d) with every application for subdivision of land it shall be clearly indicated which conditions in respect of the remaining portion of the land should be cancelled if all the conditions are not to be cancelled and a full set of conditions shall be submitted which are to be imposed on the newly created portion and the remaining portion.

15. (1) Every application in terms of the ordinance shall be accompanied by the following documents:

dien die aansoek betrekking het op die stigting van 'n dorp vir Kleurlinge;

- (b) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikels 19, 20 of 21 van die ordonnansie om verlof tot onderverdeling van 'n erf of 'n stuk grond in sodanige artikel bedoel — R10 per aansoek, plus R1 vir elke nuwe gedeelte wat weens sodanige onderverdeling tot stand kom;
- (c) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 23 van die ordonnansie om goedkeuring vir die verandering van die naam van 'n dorp — R10;
- (d) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 24 van die ordonnansie om die deproklamering van 'n dorp — R10;
- (e) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 26(3) van die ordonnansie om die wysiging of die gedeeltelike of algehele rojering van 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp — R10;
- (f) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 30 van die ordonnansie om toestemming tot konsolidasie van erwe of dele van erwe of erwe en dele van erwe — R10;
- (g) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 31A(2) van die ordonnansie om die voorwaardes uiteengesit in die bylae b... 'n proklamasie uitgevaardig ingevolge artikel 13 van die ordonnansie te verander — R20; en
- (h) ten opsigte van 'n aansoek ingevolge die bepalings van artikel 31A(1) van die ordonnansie om die wysiging van voorwaardes gestel ingevolge die ordonnansie waaraan 'n titelbewys van grond onderhewig is — R10.

14. Behoudens die bepalings van regulasie 7 moet -

- (a) elke aansoek ingevolge die bepalings van die ordonnansie tesame met dokumente wat die aansoek vergesel in drievoud ingedien word;
- (b) planne wat beoogde onderverdelings of konsolidasies of beide onderverdelings en konsolidasies aandui, in tienvoud ingedien word;
- (c) by 'n aansoek om konsolidasie van erwe of dele van erwe of erwe en dele van erwe 'n volledige nuwe stel voorgestelde voorwaardes saam met die aansoek ingedien word;
- (d) by 'n aansoek om onderverdeling van grond duidelik aangedui word watter voorwaardes ten opsigte van die oorblywende gedeelte van die grond gekanselleer moet word indien al die voorwaardes nie gekanselleer moet word nie en 'n volledige stel voorwaardes ingedien word wat teen die nuutgeskepte gedeelte en oorblywende gedeelte opgelê moet word.

15. (1) Elke aansoek ingevolge die bepalings van die ordonnansie moet vergesel gaan van die volgende dokumente -

- (i) a copy of the title deed under which the land is held;
- (ii) a plan on which is indicated the scale on which such plan is drawn and which clearly illustrates the proposal;
- (iii) the comments of the local authority concerned in respect of the application;
- (iv) a complete set of proposed conditions to be imposed on the land if conditions may be imposed in terms of the ordinance;
- (v) the charges assessed in terms of regulation 13 in respect of the application concerned.

- (i) 'n afskrif van die titelakte waarvolgens die grond gehou word;
- (ii) 'n plan waarop aangedui is die skaal waarop sodanige plan geteken is en wat die voorstel duidelik illustreer;
- (iii) die kommentaar van die betrokke plaaslike bestuur met betrekking tot die aansoek;
- (iv) 'n volledige stel voorgestelde voorwaardes wat teen die grond opgelê moet word indien voorwaardes ingevolge die bepalings van die ordonnansie opgelê kan word;
- (v) die gelde wat ingevolge die bepalings van regulasie 13 aangeslaan word ten opsigte van die betrokke aansoek.

(2) Any proposed conditions which are submitted in terms of subregulation (1), shall be submitted in both official languages.

(2) Enige voorgestelde voorwaardes wat ingevolge die bepalings van subregulasie (1) ingedien word, moet in beide amptelike tale ingedien word.

16. The regulations promulgated under Government Notices 180 of 16 September 1963 and 167 of 1 November 1968 are hereby repealed.

16. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings 180 van 16 September 1963 en 167 van 1 November 1968 word hierby herroep.

SCHEDULE

BYLAE

APPLICATION FOR THE ESTABLISHMENT OF A TOWNSHIP: SECTION 5(1) OF THE TOWNSHIPS AND DIVISION OF LAND ORDINANCE, 1963 (ORDINANCE 11 OF 1963).

AANSOEK OM DORPSTIGTING : ARTIKEL 5(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPE EN GRONDVERDELING 1963 (ORDONNANSIE 11 VAN 1963).

N.B.: Applicants are requested to complete this application form very carefully and to give sufficient particulars, as failure to do so may lead to unnecessary time-consuming correspondence which may delay the final decision on the application. This remark also applies in respect of the drawing of the diagram and plan of the proposed township.

L.W.: Aansoekers word versoek om hierdie aansoekvorm baie sorgvuldig in te vul en genoegsame besonderhede te verstrek, aangesien versuim om dit te doen tot onnodige tydrowende briefwisseling kan lei wat die finale besluit oor die aansoek kan vertraag. Hierdie opmerking geld ook ten opsigte van die opstel van die kaart en plan van die voorgestelde dorp.

.....

 (Address and Date)

.....

 (ADRES EN DATUM)

TO
 The Secretary for South West Africa
 Private Bag 13186
 WINDHOEK

Aan:
 Die Sekretaris van Suidwes-Afrika,
 Privaatsak 13186,
 WINDHOEK.

I, the undersigned (full name)
 owner of the land described hereunder, hereby, under the provisions of section 5(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) apply for permission to establish a township on that land, and declare that the following information, as well as the information given on the diagram and plan and all other documents attached to this application, are true and correct.

Ek, die ondergetekende (naam voluit)
 eienaar van die grond hieronder beskryf, doen hierby ingevolge die bepalings van artikel 5(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) aansoek om verlof om 'n dorp op daardie grond te stig, en verklaar dat die onderstaande inligting, sowel as die inligting verstrek op die kaart en plan en alle ander dokumente by hierdie aansoek aangeheg, juis en korrek is.

.....
 (Signature of Applicant)

HANDTEKENING VAN AANSOEKER.

PART I

DEEL I

DISIRABILITY AND NECESSITY OF PROPOSED TOWNSHIP

WENSLIKHEID EN NOODSAAKLIKHEID VAN VOORGESTELDE DORP.

1. Name of proposed township

(The name of the township is subject to the approval of the Administrator)

x

2. (a) Registered name/names, No./s and extent of the land on which the contemplated township will be established:

.....
.....
.....
.....
.....

(b) District in which the land is situated:

(c) Area of the local authority:

3. If the contemplated township does not include the whole area of the land as described, state fully what the intention is with the remaining portion:

.....
.....
.....
.....

4. (a) Is the land or any portion thereof subject to floods or tidal action or sand encroachment?

.....

(b) Is the land or any portion thereof filled up, drained or levelled, or is it going to be filled up, drained or levelled?

.....
.....
.....

If the reply is in the affirmative to (a) and/or (b) above, state full particulars and indicate the area(s) on the diagram referred to in paragraph 7 below:

.....
.....
.....
.....

5. (a) If the contemplated township is situated outside the area of a local authority, is it or any portion thereof within 20 km from any boundary of the area of a local authority?

.....
.....

1 Naam van voorgestelde dorp

(Die naam van die dorp is onderhewig aan die goedkeuring deur die Administrateur).

2. (a) Geregistreerde naam/name, No./s en grootte van die grond waarop die beoogde dorp gestig sal word:

.....
.....
.....
.....
.....

(b) Distrik waarin die grond geleë is:

(c) Gebied van die plaaslike bestuur:

3. Indien die beoogde dorp nie die hele oppervlakte van die grond soos beskryf, insluit nie, vermeld volledig wat die voorneme is om te doen met die oorblywende gedeelte:

.....
.....
.....
.....

4. (a) Is die grond of enige gedeelte daarvan onderhewig aan oorstromings of getywerking of sandindringing?

.....

(b) Is die grond of enige gedeelte daarvan opgevol, drooggelê of gelyk gemaak, of gaan dit opgevol, drooggelê of gelyk gemaak word?

.....
.....
.....

Indien die antwoord bevestigend is op (a) en/of (b) hierbo, verstrek volledige besonderhede en dui die betrokke terrein(e) aan op die kaart bedoel in paragraaf 7 hieronder:

.....
.....
.....
.....

5. (a) Indien die beoogde dorp buite die gebied van 'n plaaslike owerheid geleë is, is dit of enige gedeelte daarvan binne 20 km. van enige grens van die gebied van 'n plaaslike bestuur?

.....
.....

(b) If the contemplated township is situated within the area of a local authority, the written comments of the local authority concerned as to how the proposed township fits in with its planning, should be attached, as well as the applicant's comments on any of the requirements of the local authority, unacceptable to him.

(c) Is the contemplated township situated in an area in respect of which a town planning scheme is in preparation or effect?
.....

If so, the comments of the local authority concerned as to how the proposed township fits in with its town planning scheme should be attached.

6. (a) For what racial group is the contemplated township intended?
.....

If it is intended wholly or partly for occupation by Natives the written permission of the Minister of Bantu Administration and Development and the conditions set by him should be attached.

(b) If the contemplated township is intended for occupation only by whites, what provision will be made for non-white housing?
.....
.....
.....
.....

7. A diagram of the proposed township according to the scale 1:5000 or 1:10 000 or 1:15 000 depending on the extent of the contemplated township, which should be folio-size or multiples thereof, to a maximum size of AO (841 x 1189 mm), indicating the following particulars, should be submitted with the application in eightfold plus one diapositive ("sepia"):

- (a) the true north;
- (b) the scale;
- (c) the boundaries of the site on which the establishment of the township is contemplated;
- (d) present use of the land and that adjoining the site (only in broad outlines);
- (e) all existing, future or proposed roads (with an indication of status and standard), railway lines, main power, water, sewerage, stormwater and telephone lines, dams, boreholes, reservoirs, water courses, airports, buildings or other objects of architectural or historical interest or artistic value, places of natural importance or beauty, cemeteries, dumping sites, quarries and gravel heaps and prominent topographical characteristics (vleis, swamps, rivers, dongas, mountains, etc.);
- (f) the situation of existing or future non-white residential areas with an indication of future extension;

(b) Indien die beoogde dorp binne die gebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, moet die betrokke plaaslike bestuur se skriftelike kommentaar ten opsigte van hoe die voorgestelde dorp by sy beplanning inpas, aangeheg word, asook die aansoeker se kommentaar op enige vir hom onaanneemlike vereistes van die plaaslike bestuur.

(c) Is die beoogde dorp geleë in 'n gebied ten opsigte waarvan 'n dorpsbeplanningskema in voorbereiding of in werking is?
.....

Indien wel, moet die betrokke plaaslike bestuur se kommentaar ten opsigte van hoe die voorgestelde dorp by sy dorpsbeplanningskema inpas, aangeheg word.

6. (a) Vir watter rassegroep is die beoogde dorp bedoel?
.....

Indien dit geheel en al of gedeeltelik vir bewoning deur inboorlinge bedoel word, moet die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling se skriftelike toestemming en deur hom gestelde voorwaardes aangeheg word.

(b) Indien die beoogde dorp net vir bewoning deur blankes bedoel word, watter voorsiening sal gemaak word vir nie-blanke behuising?
.....
.....
.....
.....

7. 'n Kaart van die voorgestelde dorp op skaal 1:5000 of 1:10 000 of 1:15 000 afhangende van die grootte van die beoogde dorp, wat foliogrootte of veelvoude daarvan moet wees, tot 'n maksimumgrootte van AO (841 x 1189 mm) en wat die volgende besonderhede aantoon, moet saam met die aansoek voorgelê word in agtvoud plus een diapositief ("sepia"):

- (a) die ware noorde;
- (b) die skaal;
- (c) die grense van die terrein waarop die dorp beoog word;
- (d) huidige grondgebruik op en aangrensend aan die terrein (slegs in breë trekke);
- (e) alle bestaande, toekomstige of voorgestelde paaie (met aanduiding van status en standaard), spoorlyne, hooftkrag-, water-, riool-, stormwater- en telefoonleidings, damme, boorgate, reservoirs, waterlope, lughawens, geboue of ander voorwerpe van boukundige of geskiedkundige belang of kunswaarde, plekke van natuurkundige belang of skoonheid, begraafplase, stortingssterreine, gruisgate en -hope en prominente topografiese eienskappe (vleie, moerasse, riviere, dongas, berge, ens.);
- (f) die ligging van bestaande of toekomstige nie-blanke woonbuurte, met 'n aanduiding van die rigting van toekomstige uitbreiding;

- (g) any other important information;
- (h) if there are particulars which the applicant wishes to add, and which cannot be fitted in on the selected scale, such particulars may be indicated as an inset on the diagram according to any convenient scale.
8. State in a separate report the reasons why it is essential and desirable to establish a township on this land. (The factors mentioned below may serve as a guide for the preparation of such a report):
- (a) The purpose for which the land is at present being used and for which it was used in the immediate past.
- (b) For what particular purpose is this layout contemplated, for instance, for residential purposes or industrial development, as an extension of the residential area or industrial area of a particular township, as the nucleus for a new township, as a holiday resort, etc.
- (c) Of how many residential erven and industrial erven (approximately) will the contemplated township consist?
- (d) The demand for erven in this vicinity and the extent to which the existing layout cannot meet the needs.
- (e) The rate of building development in the particular township or vicinity over the past 5-10 years.
- (f) Pursuant to (d) and (e) above and any other possible development in and near the township, give an indication of the need for erven for the next 25 years.
- (g) Is the site as indicated the most suitable for the contemplated development — give reasons, for instance, the nature of the site, the nature of the soil, prevailing winds, situation in relation to the existing township or other existing development and road junctions and accesses.
- (h) Give an indication of the arrangements that will be made for the rendering of the following services: water, stormwater drainage, night soil and sewerage sludge removal, refuse removal, power, cemetery and other services. N.B.: As far as water supply is concerned it is necessary to contact the Regional Director of the Department of Water Affairs beforehand.
- (i) If the layout does not adjoin a developed urban area where the necessary services have already been laid on, it should be stated what justification there is for a new layout away from the developed area and for the possibly increased service and administration costs which it may involve.
- (j) Any other information of importance.
- (g) enige ander inligting van belang;
- (h) indien daar besonderhede is wat die aansoeker wil byvoeg, en wat nie op die gekose skaal ingepas kan word nie, kan sodanige besonderhede as 'n inlas op die kaart op enige gerieflike skaal aangetoon word.
8. Vermeld in 'n afsonderlike verslag, omstandighede waarom dit noodsaaklik en wenslik is om 'n dorp op hierdie grond te stig. (Die faktore hieronder genoem, kan dien as 'n riglyn vir die opstel van so 'n verslag):
- (a) Die doel waarvoor die grond tans gebruik word en waarvoor dit in die onmiddellike verlede gebruik is.
- (b) Vir watter besondere doel word hierdie aanleg beoog bv. vir woondoelendes of nywerheidsontwikkeling, as 'n uitbreiding van die woonbuurt of nywerheidsgebied van 'n besondere dorp, as die kern vir 'n nuwe dorp, as 'n vakansieoord, ens.
- (c) Uit hoeveel woonerwe en nywerheids-erwe (by benadering) gaan die beoogde dorp bestaan.
- (d) Die aanvraag wat daar bestaan na erwe in hierdie omgewing en in watter mate die bestaande aanleg nie kan voorsien in die behoefte nie.
- (e) Die tempo van bou-ontwikkeling in die besondere dorp of in die omgewing oor die afgelope 5-10 jaar.
- (f) Na aanleiding van (d) en (e) hierbo, en enige ander moontlike ontwikkeling in en naby die dorp gee 'n aanduiding van die behoefte na erwe vir die volgende 25 jaar.
- (g) Is die terrein soos aangetoon, die geskikste vir die beoogde ontwikkeling — gee redes, bv. die terreingesteldheid, grondgeaardheid, heersende windrigtings, ligging ten opsigte van die bestaande dorp of ander bestaande ontwikkeling en padverbindinge en -toegange.
- (h) Gee 'n aanduiding van watter reëlins getref sal word vir die lewering van die volgende dienste: water, stormwaterdreinerings, nagvuilverwydering en rioolslyk, vullisverwydering, krag, begraafplaas, en ander dienste.
- L.W.: Wat watervoorsiening aanbetref, is dit noodsaaklik om vooraf met die Streekdirekteur van die Departement van Waterwese in verbinding te tree.
- (i) Indien die aanleg nie grens aan 'n ontwikkelde stedelike gebied waar die nodige dienste reeds aangelê is nie, moet gemeld word watter regverdiging daar bestaan vir 'n nuwe aanleg weg van die ontwikkelde gebied en vir die moontlike verhoogde diens- en administrasiekoste wat dit kan meebring.
- (j) Enige ander inligting wat van belang is.

PART II

DEEL II

LAYOUT OF PROPOSED TOWNSHIP

UITLEG VAN VOORGESTELDE DORP

1. Name of proposed township
(The name of the township is subject to the approval of the Administrator)
2. (a) Registered name(s), No./s. and extent of the land on which the contemplated township will be established:
.....
.....
.....
- (b) District in which the land is situated?
- (c) Area of the local authority:
3. A copy of the title deeds of the land concerned, every servitude deed or notarial lease and all mortgage bonds registered against the land including their numbers and dates should be attached.
4. What steps does the applicant intend taking to ensure that actual building development will take place in the township, so that speculation is prevented?
.....
.....
.....
5. A copy of all conditions which, according to the applicant's intention, should be included in the title deeds of premises in the proposed township, should be attached hereto in both official languages.
6. If the proposed township does not fall within the jurisdiction of an existing local authority, full particulars should be given of the steps to be taken to manage the township:
.....
.....
.....
7. A plan of the proposed township on which all the particulars set out in Annexures A and B are indicated and which has been drawn and prepared in terms of the directions contained in the said annexures should be submitted in twenty-fold plus one diapositive ("sepia") together with the application: Provided that the applicant, if the Executive Committee should require it of him, must provide as many additional copies of such plan as the Executive Committee may determine.
8. Give in a separate report the reasons which induced the designer to accept the proposed form of layout.
9. If it is intended —
(a) to have the layout registered in separate parts or extensions the boundaries of such parts or extensions should be clearly indicated;

1. Naam van voorgestelde dorp
(Die naam van die dorp is onderhewig aan die goedkeuring deur die Administrateur).
2. (a) Geregistreeerde naam/name, No./s. en grootte van die grond waarop die beoogde dorp gestig sal word:
.....
.....
.....
- (b) Distrik waarin die grond geleë is:
.....
- (c) Gebied van die plaaslike bestuur: ...
3. 'n Afskrif van die titelakte van die betrokke grond, elke serwituutakte of notariële huur en alle verbande wat teen die grond geregistreer is met inbegrip van die nommer en datum daarvan moet aangeheg word.
4. Watter stappe is die aansoeker voornemens om te doen om te verseker dat werklike bou-ontwikkeling in die dorp sal plaasvind, sodat spekulasie verhoed word?
.....
.....
.....
5. 'n Kopie van al die voorwaardes wat na die aansoeker se voorneme, in die titelaktes van persele in die voorgestelde dorp ingesluit moet word, moet hierby aangeheg word in beide amptelike tale.
6. Indien die voorgestelde dorp nie binne die jurisdiksie van 'n bestaande plaaslike bestuur val nie, verstrek volledige besonderhede in verband met die stappe wat gedoen sal word om die dorp te bestuur:
.....
.....
.....
7. 'n Plan van die voorgestelde dorp waarop al die besonderhede uiteengesit in Aanhangsels A en B aangetoon word en wat geteken en opgestel is ooreenkomstig die voorskrifte vervat in genoemde Aanhangsels moet in twintigvoud plus een diapositief ("sepia") saam met die aansoek voorgelê word : Met dien verstande dat die aansoeker, indien die Uitvoerende Komitee dit van hom verlang soveel addisionele afskrifte van sodanige plan moet verskaf soos die Uitvoerende Komitee bepaal.
8. Motiveer volledig in 'n afsonderlike verslag, die redes wat die ontwerper daartoe beweeg het om die voorgestelde vorm van uitleg te aanvaar.
9. Indien dit die voorneme is om -
(a) die uitleg in afsonderlike gedeeltes of uitbreidings te laat registreer, moet die grense van sodanige gedeeltes of uitbreidings duidelik aangetoon word:

- (b) to have the layout registered as a single plan, but to develop and sell the erven in portions, this should also be indicated.

ANNEXURE A

A plan of the proposed township in twenty-fold plus one diapositive ("sepia"), which should be in folio-size or multiples thereof to a maximum size of AO (841 x 1 189 mm) should accompany the application. The plan should indicate the following:

- A. A *layout plan* of the proposed township;
B. A *site plan*; and
C. an explanatory *table*.

A. LAYOUT PLAN

The plan should be drawn according to a scale of 1 to 2500 and must indicate the following particulars:

1. The boundaries of the proposed township.
2. The true north.
3. An Lo-co-ordinate grid together with grid line values.
4. Contour lines with 2 m inter-spaces. contour lines with 1 m inter-spaces are required where the topography of the land is very flat, or to indicate vlei-like parts or parts subject to floods.

(Contour lines should be based on the trigonometrical elevation systems.)

5. The characteristics of the site, for instance, water courses, dongas, hills, etc.
6. Reclaimed or filled-up areas or areas subject to floods, tidal action and sand encroachment.
7. All existing sub-division boundaries, if the property consists of more than one portion.
8. All existing railway lines (with an indication of where they lead to), power and telephone lines and servitudes.

9. Roads:

- (a) The situation and widths of the nearest existing streets.
- (b) the situation of any existing adjoining or nearly adjoining proclaimed and other roads or proclaimed and other roads situated in the layout area (with an indication of where they lead to).

Remark:

In all cases it should be indicated how the above-mentioned roads and streets will join up with the proposed township, and what their status and standard of construction are.

(2) The owner of a ship measured in accordance with paragraph 2 of Annex 1, or the said owner's agent, may make application in writing to the proper officer to have the ship re-measured in accordance with paragraph 1 of the said Annex, when the holds have been cleared to the satisfaction of the proper officer.

(3) The tonnage of appendages, such as shaft bossings and underdeck projections beyond the extreme points of measurement on the tonnage deck, shall be added to and

shall form part of the underdeck tonnage of the ship: Provided that steps or breaks shall not be regarded as projections.

SPACE BETWEEN DECKS

7. The tonnage of the space between the uppermost complete deck and the second deck shall be added to the gross tonnage of the ship, subject to the provisions of regulations 9 and 10.

PERMANENT CLOSED-IN SPACES

8. (1) Breaks above the line of the second deck or the uppermost complete deck shall be added to the gross tonnage of the ship, subject to the provisions of regulation 9.

(2) Side to side erections such as forecastles, bridges and poops shall be added to the gross tonnage of the ship, subject to the provisions of regulation 11.

(3) Deck houses of a permanent character shall be added to the gross tonnage of the ship subject to the provisions of regulation 11.

EXEMPTED SPACES BETWEEN DECKS

9. Dry cargo spaces and boatswain's stores situated between the uppermost complete deck and the second deck shall, if written application for exemption is made to the proper officer by the owner of the ship or his agent, be exempted by such officer from inclusion in the gross tonnage of the ship: Provided that any space contained in a break in the second deck shall not be exempted from measurement.

TONNAGE MARKS

10. Every ship to which regulation 9 applies, shall be marked on each side with a tonnage mark in accordance with the provisions set out in Annex 2.

(c) die tonnemaat van die ruimtes afgeskerm bokant die tonnemaatdek vir die masjinerie of vir die inlating van lig en lug, indien dit in die aandrywingsmasjinerie-ruimte ingesluit is; en

(d) die tonnemaat van die luikopenings wat lei na ruimtes ingesluit in die bruto tonnemaat nadat die helfte van een persent van die som van die tonnemaat in paragrawe (a), (b) en (c) bedoel, daarvan afgetrek is.

ONDERDEKSE TONNEMAAT

6. (1) Die opmeting van die onderdekse tonnemaat van 'n skip met leë ruime word ooreenkomstig paragraaf 1 van Bylae 1 gedoen: Met dien verstande dat in gevalle waar dit nie prakties moontlik is om die ruimtes onder die heel boonste volledige dek ooreenkomstig genoemde paragraaf te meet nie, die bevoegde beampte kan vereis dat die opmetings gedoen word ooreenkomstig paragraaf 2 van Bylae 1, en in dié geval is regulasies 9 en 10 nie van toepassing nie.

(2) Die eienaar van 'n skip opgemeet ooreenkomstig paragraaf 2 van Bylae 1, of genoemde eienaar se agent, kan by die bevoegde beampte skriftelik aansoek doen om die skip ooreenkomstig paragraaf 1 van genoemde Bylae heropgemeet te kry, wanneer die bevoegde beampte daarvan oortuig is dat die ruime leeg is.

(3) Die tonnemaat van uitsteeksels, soos asnawe en onderdekse uitsteeksels anderkant die verste opmetingspunte op die tonnemaatdek, word bygevoeg en maak deel uit van die onderdekse tonnemaat van die skip: Met dien verstande dat trappe of breukplekke nie as uitsteeksels gegag word nie.

TUSSENDEKSE RUIMTE

7. Die tonnemaat van die ruimte tussen die heel boonste volledige dek en die tweede dek word, behoudens regulasies 9 en 10, by die bruto tonnemaat van die skip gevoeg.

PERMANENTE INGESLOTE RUIMTES

8. (1) Breuke bokant die lyn van die tweede dek of die heel boonste volledige dek word, behoudens regulasie 9, by die bruto tonnemaat van die skip gevoeg.

(2) Sy-aan-sy-strukture soos voorkastele, brûe en kampanjedekke word, behoudens regulasie 11, by die bruto tonnemaat van die skip gevoeg.

(3) Dekhuise van permanente aard word, behoudens regulasie 11, by die bruto tonnemaat van die skip gevoeg.

VRYGESTELDE TUSSENDEKSE RUIMTES

9. Droëvrugruimtes en bootsmanstore geleë tussen die heel boonste volledige dek en die tweede dek moet, indien skriftelike aansoek om vrystelling deur die eienaar van die skip of sy agent by die bevoegde beampte gedoen word, deur sodanige beampte vrygestel word van insluiting in die bruto tonnemaat van die skip: Met dien verstande dat enige ruimte in 'n breuk in die tweede dek nie van opmeting vrygestel word nie.

TONNEMAATMERKE

10. Elke skip waarop regulasie 9 van toepassing is, word aan weerskante met 'n tonnemaatmerk gemerk ooreenkomstig die bepalings in Bylae 2 uiteengesit.

GENERAL EXEMPTIONS

11. The following closed-in spaces on or above the second deck, in the case of a ship to which regulations 9 and 10 apply, and on or above the uppermost complete deck in the case of any other ship, shall be exempt from inclusion in the gross tonnage:

(a) Dry cargo spaces and boatswain's stores other than those contained in breaks, subject to the provisions of regulations 9 and 10;

(b) any space solely appropriated to and fitted with machinery, condensers or electrical switchgear;

(c) spaces properly framed in for the machinery or for the admission of light and air, subject to the provisions of regulation 12;

(d) the wheelhouse, chart room, radio room and spaces for navigational aids;

(e) skylights, domes and trunks affording light and ventilation to the spaces which they serve;

(f) the chain lockers, spaces for working the anchor gear and capstan;

(g) safety equipment, storage spaces and storage batteries;

(h) companions and booby hatches serving as protection for stairways or ladderways leading to spaces below deck;

(i) the spaces above openings over stairways and ladderways not protected by companions or booby hatches;

(j) the galley, and also the bakery if fitted with ovens and used exclusively for catering;

(k) washrooms, bathrooms, showers, water closets and urinals exclusively for the use of the master and crew;

(l) workshops and storerooms for engineers, pumpmen, electricians, carpenters and boatswains, including the lamp room;

(m) bona fide water ballast tanks;

(n) free shelters for a ship employed on short sea voyages not exceeding 10 hours' duration, subject to the conditions, if any, imposed by the Secretary;

(o) the spaces on a passenger ship engaged on international voyages which provide sheltered promenades entirely open at one end, but are not furnished beyond a reasonable amount of seating around the boundaries of the spaces; and

(p) the hatchways leading to spaces which have been exempted from inclusion in the gross tonnage:

Provided that the spaces are no larger than required for their intended purpose and that they are not used for other purposes.

DEDUCTIONS FOR ASCERTAINING NET TONNAGE

12. The tonnage of the following spaces shall be deducted from the gross tonnage of the ship for the purpose of ascertaining the net tonnage thereof: Provided that they have first been included in the gross tonnage:

(a) The space below the second deck in the case of a ship to which regulations 9 and 10 apply and the space below the uppermost complete deck in the case of any other ship, necessary for the proper working of the machinery used for propelling the ship, including the shaft tunnels, escape trunks and engineers' workshops and storerooms up to a maximum of three-quarter per cent of the gross tonnage and, if required by the owner

ALGEMENE VRYSTELLINGS

11. Die volgende ingeslote ruimtes op of bokant die tweede dek, in die geval van 'n skip waarop regulasies 9 en 10 van toepassing is, en op of bokant die heel boonste volledige dek in die geval van enige ander skip, is vrygestel van insluiting in die bruto tonnemaat:

(a) Droëvrugruimtes en bootsmanstore, uitgesonderd dié in breuke, behoudens regulasies 9 en 10;

(b) enige ruimte wat uitsluitlik bedoel is vir en uitgerus is met masjinerie, kondensators of elektriese skakelgerei;

(c) ruimtes behoorlik afgeskerm vir die masjinerie of vir die inlating van lig en lug, behoudens regulasie 12;

(d) die stuurhuis, kaartkamer, radiokamer en ruimtes vir navigasiehoelpmiddels;

(e) dakvensters, koepels en kokers wat lig en ventilasie verskaf aan die ruimtes wat hulle bedien;

(f) die kettingbakke, ruimtes om met die ankergerei en kaapstander te werk;

(g) opbergruimtes vir veiligheidsuitrusting en akkumulatorbatterye;

(h) kampanjelere en fopluike wat dien as beskerming vir trap- en leergange wat na ruimtes benede die dek lei;

(i) die ruimtes bokant openings oor trap- en leergange wat nie deur kampanjelere of fopluike beskerm word nie;

(j) die kombuis, en ook die bakkery as dit toegerus is met oonde en uitsluitlik vir voorsiening van etes gebruik word;

(k) waskamers, badkamers, stortkamers, spoeltoilette en urinale wat uitsluitlik bedoel is vir gebruik deur die gesagvoerder en bemanning;

(l) werkwinkels en stoorkamers vir ingenieurs, pompmanne, elektriesiens, timmermanne en bootsmanne, met inbegrip van die lampkamer;

(m) bona fide-waterballastens;

(n) vry skuilplekke vir 'n skip wat op kort seereise gaan wat hoogstens 10 uur duur, behoudens die voorwaardes, as daar is, wat die Sekretaris bepaal;

(o) die ruimtes op 'n passasierskip op internasionale reise wat beskutte wandelgange verskaf wat geheel en al oop is aan die een end, maar nie van meer as 'n redelike hoeveelheid sitplekke rondom die grense van die ruimtes voorsien is nie; en

(p) die luikgange wat lei na ruimtes wat uitgesluit is van insluiting in die bruto tonnemaat:

Met dien verstande dat die ruimtes nie groter is nie as wat nodig is vir dit waarvoor hulle bedoel is en hulle vir geen ander doeleindes gebruik word nie.

AFTREKKINGS VIR BEREKENING VAN NETTO TONNEMAAT

12. Die tonnemaat van die volgende ruimtes word afgetrek van die bruto tonnemaat van die skip ten einde die netto tonnemaat daarvan te bepaal: Met dien verstande dat hulle eers in die bruto tonnemaat ingesluit is:

(a) Die ruimte onder die tweede dek in die geval van 'n skip waarop regulasies 9 en 10 van toepassing is en die ruimte onder die heel boonste volledige dek in die geval van enige ander skip, wat nodig is vir die behoorlike werking van die masjinerie wat gebruik word om die skip aan te dryf, met inbegrip van die astonnels, ontsnappingskokers en ingenieurswerkwinkels en stoorkamers tot 'n maksimum van $\frac{3}{4}$ persent van die bruto tonnemaat en, indien deur die eienaar van die skip of sy agent vereis, die ruimtes behoorlik afgeskerm bokant

of the ship or his agent, the spaces properly framed in above the second deck or the uppermost complete deck, as the case may be, for the machinery or for the admission of light and air, subject to the provisions of the following subparagraphs:

(i) If the tonnage of the space is 13 per cent or over and under 20 per cent of the gross tonnage, the deduction shall be 32 per cent of the gross tonnage;

(ii) if the tonnage of the space is less than 13 per cent of the gross tonnage, the deduction shall be 32 per cent of the gross tonnage reduced in proportion to the ratio between the actual percentage and 13 per cent;

(iii) if the tonnage of the space is 20 per cent of the gross tonnage or more, the deduction shall be one and three-quarter times the actual tonnage of the space;

(iv) in every ship, except a tug used exclusively for towing, the deduction shall not exceed 55 per cent of that portion of the tonnage which remains after deducting from the gross tonnage the deductions allowed under paragraphs (b), (c) and (d);

(v) the spaces framed in above the second deck or the uppermost complete deck, as the case may be, for the machinery or for the admission of light and air shall be included if, in the opinion of the surveyor charged with the duty of measuring the ship, they are reasonable in extent and so constructed as to be safe and seaworthy and cannot be used for any purpose other than for containing propelling machinery or for the admission of light and air;

(b) the space appropriated to and used exclusively for the accommodation of the master;

(c) the space appropriated to and used exclusively by the crew: Provided that they are constructed and fitted out in accordance with the requirements of the Crew Accommodation Regulations, 1961;

(d) the spaces provided for the storage of provisions, other than fresh water, for the master and crew: Provided that the deduction shall not exceed 15 per cent of the sum of the deductible spaces referred to in paragraphs (b) and (c);

(e) any spaces not included under paragraph (a) which are used exclusively as workshops and storerooms by engineers, pumpmen, electricians, carpenters and boat-swains for the working and upkeep of the ship;

(f) any spaces used exclusively for the working of the steering gear, the capstan and anchor gear, keeping and using the charts, radio and navigational aids, and stowage or working of safety equipment;

(g) the space occupied by the donkey engine and boiler if connected to the main pumps of the ship, if situated outside the propelling machinery space;

(h) the spaces occupied by the main pumps of the ship, if situated outside the propelling machinery space;

(i) the space set apart for the storage of sails on a ship wholly propelled by sails, subject to a maximum of two and a half per cent of the gross tonnage; and

(j) the spaces used exclusively for the carriage of water ballast: Provided that the total tonnage of such spaces plus the total tonnage of exempted double bottom spaces and exempted water ballast spaces shall not exceed 19 per cent of the gross tonnage.

die tweede dek of die heel boonste volledige dek, na gelang van die geval, vir die masjinerie of vir die inlating van lig en lug, behoudens die volgende subparagraawe:

(i) Indien die tonnemaat van die ruimte 13 persent of meer en onder 20 persent van die bruto tonnemaat is, is die aftrekking 32 persent van die bruto tonnemaat;

(ii) indien die tonnemaat van die ruimte minder as 13 persent van die bruto tonnemaat is, is die aftrekking 32 persent van die bruto tonnemaat, na eweredigheid verminder tot die verhouding tussen die werklike persentasie en 13 persent;

(iii) indien die tonnemaat van die ruimte 20 persent van die bruto tonnemaat of meer is, is die aftrekking een en drie kwart maal die werklike tonnemaat van die ruimte;

(iv) in elke skip, uitgesonderd 'n sleepboot wat uitsluitlik vir sleepwerk gebruik word, is die aftrekking hoogstens 55 persent van daardie gedeelte van die tonnemaat wat oorbly nadat die aftrekkings wat ooreenkomsig paragraawe (b), (c) en (d) toegelaat word, van die bruto tonnemaat afgetrek is nie;

(v) die ruimtes afgeskerm bokant die tweede dek of die heel boonste volledige dek, na gelang van die geval, vir die masjinerie of vir die inlating van lig en lug, word ingesluit indien hulle, na die mening van die opnemer wat verantwoordelik is vir die opmeting van die skip, van redelike grootte is en van so 'n konstruksie dat hulle veilig en seewaardig is en vir geen ander doel gebruik kan word nie as om aandrywingsmasjinerie te bevat of om lig en lug in te laat;

(b) die ruimte toegeken aan en wat uitsluitlik gebruik word as akkommodasie vir die gesagvoerder;

(c) die ruimtes toegeken aan en wat uitsluitlik gebruik word deur die bemanning: Met dien verstande dat hul konstruksie en uitrusting ooreenkomsig die vereistes van die Regulasies op Akkommodasie vir Bemanning, 1961, is;

(d) die ruimtes verskaf vir die opberging van proviand, uitgesonderd vars water, vir die gesagvoerder en bemanning: Met dien verstande dat die aftrekking hoogstens 15 persent is van die som van die aftrekbare ruimtes in paragraawe (b) en (c) bedoel;

(e) alle ruimtes nie by paragraaf (a) ingereken nie wat uitsluitlik gebruik word as werkwinkels en stoorkamers deur ingenieurs, pompmanne, elektrisiëns, timmermanne en bootsmanne vir die werking en instandhouding van die skip;

(f) alle ruimtes wat uitsluitlik gebruik word om met die stuurgerei, die kaapstander en die ankergerie te werk, vir die hou en gebruik van die kaarte, radio- en navigasie-hulpmiddels en die opberging of werking van veiligheidsuitrusting;

(g) die ruimte wat in beslag geneem word deur die donkie-enjin en stoomketel indien hulle met die hoofpomp van die skip verbind is, indien die ruimte buite die aandrywingsmasjinerieruimte geleë is;

(h) die ruimtes wat in beslag geneem word deur die hoofpomp van die skip, indien hulle buite die aandrywingsmasjinerieruimte geleë is;

(i) die ruimte opgesit vir die opberging van seile op 'n skip wat geheel en al met seile voortgedryf word, behoudens 'n maksimum van twee en 'n half persent van die bruto tonnemaat; en

(j) die ruimtes wat uitsluitlik gebruik word vir die vervoer van waterballas: Met dien verstande dat die totale tonnemaat van sodanige ruimtes plus die totale tonnemaat van vrygestelde dubbelboomruimtes en vrygestelde waterballasruimtes hoogstens 19 persent van die bruto tonnemaat mag uitmaak.

MARKING OF DEDUCTIBLE SPACES

13. Every space deducted in terms of regulation 12 (b) to (j), shall be marked on or above the entrance door or manhole with a permanent nameplate indicating the use to which the space is appropriated.

TONNAGE CERTIFICATES

14. (1) Upon completion of the measurement of a ship, the surveyor shall grant to the owner thereof a tonnage certificate in the form set out in Annex 4.

(2) Subject to the provisions of subregulation (3), the tonnage certificate relating to every ship required to be marked with tonnage marks shall reflect the following conditions:

(a) The gross and net tonnages which shall apply to the ship when the tonnage marks are submerged;

(b) the gross and net tonnages which shall apply to the ship when the tonnage marks are not submerged; and

(c) the vertical distance from the upper edge of the uppermost complete deck to the upper edge of the tonnage mark.

(3) (a) In the case of a ship to which regulations 9 and 10 do not apply, the tonnage certificate shall reflect one gross and net tonnage.

(b) In the case of a ship to which regulations 9 and 10 apply, the tonnage certificate shall reflect one gross and net tonnage when—

(i) paragraph 1 (d) of Annex 2 applies; or

(ii) the positions of the load lines are not higher than would have been the case if the freeboards assigned to the ship and the positions of the load lines appropriate thereto had been calculated treating the second deck as the freeboard deck.

(4) The tonnage certificate shall reflect the tonnage of double bottom spaces not included in the gross tonnage which are available for the carriage of water ballast; stores such as feed water, drinking water and lubricating oil; fuel oil or cargo.

PENALTIES

15. (1) The master or owner of a ship who permits goods or stores to be stowed or carried in any space included in the measurement of the propelling machinery space of the ship, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R400.

(2) The existence of one or more spare cabins, other than two cabins for supernumeraries and pilot, fitted with a maximum of four berths, including sofa berths, shall invalidate the deduction from the gross tonnage of the ship of the parts of the crew spaces which also serve the occupant(s) of the spare cabin(s).

(3) Any part of the crew spaces shared by persons other than bona fide members of the crew of the ship or their wives, shall invalidate the deduction of that part of the crew space from the gross tonnage of the ship.

FEES FOR MEASUREMENT OF SHIPS

16. (1) Subject to the provisions of subregulation (2), an owner of a ship which is measured for tonnage in accordance with these regulations shall pay to the proper officer at the port at which the ship is measured such fees as are set out in Annex 3.

MERK VAN AFTREKBARE RUIMTES

13. Elke ruimte wat kragtens regulasie 12 (b) tot (j) afgetrek word, moet bokant die ingang deur of inspeksiegat gemerk word met 'n permanente naamplaat wat die gebruik aandui waarvoor die ruimte bedoel is.

TONNEMAATSERTIFIKATE

14. (1) By voltooiing van die opmeting van die skip moet die opnemer aan die eienaar van die skip 'n tonnemaatsertifikaat gee in die vorm uiteengesit in Bylae 4.

(2) Behoudens subregulasie (3), moet die tonnemaatsertifikaat wat betrekking het op elke skip wat met tonnemaatmerke gemerk moet wees, onderstaande besonderhede toon:

(a) Die bruto en netto tonnemaat wat van toepassing is op die skip wanneer die tonnemaatmerke onder water is;

(b) die bruto en netto tonnemaat wat van toepassing is op die skip wanneer die tonnemaatmerke nie onder water is nie; en

(c) die vertikale afstand vanaf die boonste rand van die heel boonste volledige dek tot by die boonste rand van die tonnemaatmerk.

(3) (a) In die geval van 'n skip waarop regulasies 9 en 10 nie van toepassing is nie, moet die tonnemaatsertifikaat een bruto en een netto tonnemaat aandui.

(b) In die geval van 'n skip waarop regulasies 9 en 10 van toepassing is, moet die tonnemaatsertifikaat een bruto en een netto tonnemaat aandui wanneer—

(i) paragraaf 1 (d) van Bylae 2 van toepassing is; of

(ii) die posisies van die laslyne niks hoër is nie as wat die geval sou gewees het indien die vryboord aan die skip toegeken en die posisies van die laslyne wat hierop betrekking het, bereken was asof die tweede dek die vryboorddek was.

(4) Die tonnemaatsertifikaat moet die tonnemaat aandui van dubbelbodemruimtes wat nie in die bruto tonnemaat ingesluit is nie en wat beskikbaar is vir die vervoer van waterballas; voorrade soos toevoerwater, drinkwater en smeerolie; brandstofolie of vrag.

STRAFBEPALINGS

15. (1) Die gesagvoerder of eienaar van 'n skip wat toelaat dat goedere of voorrade gebêre of vervoer word in enige ruimte wat by die afmetings van die aandrywingsmasjinerieruimte van die skip inbegrepe is, is skuldig aan 'n misdryf en kan by skuldigbevinding 'n boete van hoogstens R400 opgelê word.

(2) Indien 'n skip beskik oor een of meer reserwekajuite, uitgesonderd twee kajuite vir botalliges en loods, wat toegegerus is met hoogstens vier slaapbanke, met inbegrip van sofaslaapbanke, is dit ongeoorloof om dié dele van die bemanningsruimtes wat ook deur die bewoner(s) van die reserwekajuit(e) gebruik word van die bruto tonnemaat van die skip af te trek.

(3) Indien enige deel van die bemanningsruimtes gedeel word deur ander persone as bona fide-lede van die bemanning van die skip of hul eggenotes, is dit ongeoorloof om daardie deel van die bemanningsruimte van die bruto tonnemaat van die skip af te trek.

GELDE VIR OPMETING VAN SKEPE

16. (1) Behoudens subregulasie (2), moet 'n eienaar van 'n skip wat vir tonnemaat ooreenkomstig hierdie regulasies opgemeet word, aan die bevoegde beampte by die hawe waar die skip opgemeet word, die gelde betaal wat in Bylae 3 uiteengesit word.

(2) A department of State, including the Railway Administration, shall be exempt from the payment of any fees set out in Annex 3.

ANNEX 1

RULES FOR THE MEASUREMENT OF TONNAGE

1. *Underdeck measurement.*—The following provisions shall, subject to the provisions of paragraph 3, apply to underdeck measurement:

(a) The length of the tonnage deck shall be measured in a straight line between the points at the forward and after ends of the deck where the underside of the deck, or the line thereof, meets the inner surface of the frames, timbers, ceiling or sparring in the middle plane of the ship.

(b) In a ship which has a break, or breaks, in a double bottom, the length of the tonnage deck shall be divided into parts corresponding to the number of breaks in the double bottom.

(c) The length of the tonnage deck, or of each part as the case may be, shall be divided into a number of equal parts as follows:

- (i) Nine metres or under: two equal parts;
- (ii) over nine metres but not exceeding 15 metres: four equal parts;
- (iii) over 15 metres but not exceeding 36 metres: six equal parts;
- (iv) over 36 metres but not exceeding 55 metres: eight equal parts;
- (v) over 55 metres but not exceeding 68 metres: 10 equal parts;
- (vi) over 68 metres: 12 equal parts.

(d) At each point of division of the length or part of the length of the tonnage deck, the transverse area of the ship shall be calculated as follows:

(i) The depth shall be measured at the middle line of the ship from the underside of the deck to the top of the open floor or the top of the double bottom, as the case may be, deducting therefrom the average thickness of the ceiling, if fitted, and one-third of the round of beam. If the top of the double bottom is not flat and falls away from the middle plane of the ship, one-half of the fall if the line is straight or one-third, if curved, shall be added to the depth. If the top of the double bottom rises away from the middle plane of the ship, one-half of the rise of the line if straight or one-third if curved, shall be deducted from the depth. In the case of a wooden ship, the lower terminal point of the depth shall be the upper side of the floor timber, at the inside of the limber strake, after deducting therefrom the average thickness of ceiling between the bilge planks and the limber strake.

(ii) If the corrected depth does not exceed five metres at the amidship division of the total length of the tonnage deck, the depth at each point of division of the length, or parts of the length, shall be divided into four equal parts. Depths in excess of five metres shall be divided into six equal parts.

(iii) At each point of division of the depth, the horizontal breadth shall be measured to the inner face of the timber or frame deducting therefrom the thickness of the sparring, if any, subject to a maximum of 0,075 metre on each side. The breadths shall be numbered from the deck. The evenly numbered breadth shall be multiplied by four and the others, with the exception of the first and last, by two. The products shall be added together and to the sum shall be added the first and last breadth. The

(2) 'n Staatsdepartement, met inbegrip van die Spoorwegadministrasie, is vrygestel van die betaling van enige van die gelde wat in Bylae 3 uiteengesit word.

BYLAE 1

REÛLS VIR DIE BEREKENING VAN TONNEMAAT

1. *Onderdekse opmeting.*—Onderstaande bepalings is, behoudens paragraaf 3, van toepassing op onderdekse opmetings:

(a) Die lengte van die tonnemaatdek word gemeet in 'n reguit lyn tussen die punte by die voorste en agterste ente van die dek waar die onderkant van die dek, of die lyn daarvan, die binne-oppervlak van die spante, balke, deksoldering of latte van die middelvlak van die skip ontmoet.

(b) In 'n skip met 'n breuk, of breuke, in 'n dubbele bodem, word die lengte van die tonnemaatdek verdeel in afdelings wat ooreenkom met die getal breuke in die dubbele bodem.

(c) Die lengte van die tonnemaatdek, of van elke deel, na gelang van die geval, word in 'n aantal gelyke dele soos volg verdeel:

- (i) Nege meter of minder: twee gelyke dele;
- (ii) meer as nege meter maar hoogstens 15 meter: vier gelyke dele;
- (iii) meer as 15 meter maar hoogstens 36 meter: ses gelyke dele;
- (iv) meer as 36 meter maar hoogstens 55 meter: agt gelyke dele;
- (v) meer as 55 meter maar hoogstens 68 meter: 10 gelyke dele;
- (vi) meer as 68 meter: 12 gelyke dele.

(d) By elke verdelingspunt van die lengte of deel van die lengte van die tonnemaatdek, word die dwarsoppervlakte van die skip soos volg bereken:

(i) Die diepte word gemeet by die middellyn van die skip vanaf die onderkant van die dek tot by die bokant van die oop vloer of die bokant van die dubbele bodem, na gelang van die geval, en daarvan word die gemiddelde dikte van die deksoldering, as daar een is, en een derde van die dekronding afgetrek. As die bokant van die dubbele bodem nie plat is nie en vanaf die middelvlak van die skip daal, word die helfte van die daling as die lyn reguit is of een derde as dit krom is, by die diepte gevoeg. As die bokant van die dubbele bodem weg van die middelvlak van die skip styg, word die helfte van die styging van die lyn as dit reguit is of een derde as dit krom is, van die diepte afgetrek. In die geval van 'n houtskip, is die onderste eindpunt van die diepte die bokant van die vloerplanke, aan die binnekant van die kielbinneplanke, nadat die gemiddelde dikte van die deksoldering tussen die kimplanke en die kielbinneplanke daarvan afgetrek is.

(ii) As die gekorrigeerde diepte hoogstens vyf meter by die midskeepse verdeling van die totale lengte van die tonnemaatdek is, word die diepte by elke punt van die verdeling van die lengte, of dele van die lengte, in vier gelyke dele verdeel. Dieptes van meer as vyf meter word in ses gelyke dele verdeel.

(iii) By elke verdelingspunt van die diepte word die horisontale breedte gemeet tot by die binnevlak van die hout of spant en word die dikte van die sparring, as daar is, daarvan afgetrek, behoudens 'n maksimum van 0,075 meter aan elke kant. Die breedtes word van die dek af genommener. Die breedtes met ewe nommers word met vier vermenigvuldig en die ander, met uitsondering van die eerste en laaste, met twee. Die produkte word hynekaar getel en by die som word die eerste en laaste

figure thus obtained shall be multiplied by one-third of the common interval between the breadths, and the product shall be deemed to be the transverse area in square metres.

(iv) The transverse areas shall be numbered from the extreme forward point of measurement of the length of the tonnage deck, or the forward point of the parts, as the case may be. The evenly numbered areas shall be multiplied by four and the others, with the exception of the first and last, by two. The products shall be added together and to the sum shall be added the first and last area. The figure thus obtained shall be multiplied by one-third of the common interval between the areas, and the product, divided by 2,83, shall be deemed to be the underdeck tonnage of the ship, subject to the provisions of regulations 8 and 9.

2. (a) The length of the ship shall be measured from the inside of the outer plate or plank at the stem to the aft side of the stern post or the fore side of the rudder stock when no stern post is fitted. The extreme breadth of the ship, excluding rubbers or fenders, shall be measured. The girth from the upper edge of the uppermost complete deck on one side to the corresponding point on the other side shall be measured on the outside of the ship at the greatest breadth. To half the girth shall be added half the extreme breadth and the sum shall be squared. The figure so obtained shall be multiplied by the length and 0,06 in the case of a wooden ship or 0,0635 in the case of any other ship, and the product shall be deemed to be the tonnage of the space below the uppermost complete deck.

(b) When it is impracticable because of the size of the ship, or for any other reason, to measure the girth in accordance with subparagraph (a), the equivalent girth shall be deemed to be the sum of the breadth and twice the depth of the ship from the top of the uppermost complete deck at the side to the bottom of the keel multiplied by 0,98. The breadth and depth shall be obtained, if necessary, from the certificate of registry or any other official document.

3. *Limitation of the height of open floors and double bottoms when underdeck tonnage is measured:* (a) *Open floors.*—That part of a floor, other than floors in the main propelling machinery space, which is situated above a horizontal line passing through a point on the middle plane of the ship at a height given in Column A of Table 1, corrected by a distance equal to the rise of the moulded frame line at one quarter of the breadth between the moulded frame line at the height given in the said Column A, shall be disregarded for the purposes of the measurement of the underdeck tonnage. This limitation shall also be applied to any ship fitted with longitudinal frames and/or floors. For the forward 25 per cent of the total tonnage length of the ship and the aftermost 15 per cent of the total tonnage length, the heights given in Column A of Table 1 shall be increased by 50 per cent.

(b) *Double bottoms.*—That part of a double bottom, other than the double bottom in the main propelling machinery space, which is of greater height than that given in Column B of Table 1, corrected by the rise of the moulded frame line as in subparagraph (a), shall be disregarded for the purposes of the measurement of the underdeck tonnage, and the height of the double bottom shall be deemed to be equivalent to the height of an open floor limited in terms of subparagraph (a): Provided that, when there is an acceptable line in continuation of the tank top in an adjacent part of the ship, the height of such line shall be deemed to be the height of the floors within the double bottom for the purposes of

breedte gevoeg. Die syfer wat aldus verkry word, word vermenigvuldig met een derde van die gesamentlike interval tussen die breedtes, en die produk word geag die dwarsoppervlakte in vierkante meter te wees.

(iv) Die dwarsoppervlaktes word genommer vanaf die eerste voorste metingspunt van die lengte van die tonne-maatdek, of die voorste punt van die dele, na gelang van die geval. Die oppervlaktes met ewe nommers word met vier vermenigvuldig en die ander, met uitsondering van die eerste en laaste, met twee. Die produkte word byme-kaar getel en by die som word die eerste en laaste oppervlakte gevoeg. Die syfer aldus verkry, word vermenigvuldig met een derde van die gemeenskaplike interval tussen die oppervlaktes, en die produk, gedeel deur 2,83, word geag die onderdekse tonnemaat van die skip te wees, behoudens regulasies 8 en 9.

2. (a) Die lengte van die skip word gemeet vanaf die binnekant van die buiteplaat of -plank by die voorstewe tot by die agterkant van die agterstewe of die voorkant van die roerkoning waar daar geen agterstewe is nie. Die grootste breedte van die skip, uitgesonderd rubberbande of skutte, word gemeet. Die omtrek vanaf die boonste kant van die heel boonste volledige dek aan die een kant tot by die ooreenstemmende punt aan die ander kant word aan die buitekant van die skip by die grootste breedte gemeet. Voeg by die helfte van die omtrek die helfte van die grootste breedte en kvadreeer dan die som. Die syfer wat aldus verkry word, word vermenigvuldig met die lengte en 0,06 in die geval van 'n houtskip of 0,0635 in die geval van enige ander skip, en die produk word geag die tonnemaat van die ruimte onderkant die heel boonste volledige dek te wees.

(b) Wanneer dit weens die grootte van die skip of om enige ander rede, nie prakties doenlik is om die omtrek van die skip ooreenkomstig subparagraaf (a) te meet nie, word die omtrek wat daaraan gelyk is, geag die som te wees van die breedte en twee maal die diepte van die skip vanaf die bokant van die heel boonste volledige dek aan die kant tot by die bodem van die kiel vermenigvuldig met 0,98. Die breedte en diepte word verkry, indien dit nodig is, van die registrasiesertifikaat of van enige ander amptelike dokument.

3. *Beperking van die hoogte van oop vloere en dubbele bodems wanneer onderdekse tonnemaat gemeet word:* (a) *Oop vloere.*—Daardie gedeelte van 'n vloer, uitgesonderd vloere in die hoofaandrywingsmasjinerieruimte, geleë bokant 'n horisontale lyn wat deur 'n punt op die middelvlak van die skip gaan op 'n hoogte aangegee in kolom A van Tabel 1, gekorrigeer met 'n afstand gelyk aan die styging van die gevormde spantlyn by een kwart van die breedte tussen die gevormde spantlyn op die hoogte aangegee in genoemde kolom A, word buite rekening gelaat by die berekening van die onderdekse tonnemaat. Hierdie beperking is ook van toepassing op enige skip toegerus met langsspanne en/of -vloere. Vir die voorste 25 persent van die totale tonnemaatlengte van die skip en die agterste 15 persent van die totale tonnemaatlengte word die hoogtes wat in kolom A van Tabel 1 aangegee word, met 50 persent vermeerder.

(b) *Dubbele bodems.*—Daardie gedeelte van 'n dubbele bodem, uitgesonderd die dubbele bodem in die hoofaandrywingsmasjinerieruimte, wat hoër is as dié aangegee in kolom B van Tabel 1, gekorrigeer met die styging van die gevormde spantlyn soos in subparagraaf (a), word buite rekening gelaat by die berekening van die onderdekse tonnemaat, en die hoogte van die dubbele bodem word geag gelyk te wees aan die hoogte van 'n oop vloer wat ooreenkomstig subparagraaf (a) beperk is: Met dien verstande dat waar daar 'n aanvaarbare lyn is ter verlenging van die tenk-top in 'n aangrensende deel van die skip, die hoogte van sodanige lyn geag word die hoogte

the measurement of the underdeck tonnage. For the forward 25 per cent of the total tonnage length of the ship and for the aftermost 15 per cent of the total tonnage length, the heights given in Column B of Table 1 shall be increased by 50 per cent.

(c) *Limitation of the size of bilge brackets.*—That part of the horizontal width of a bilge bracket measured from the shell to the inboard toe of the bracket at the level of an open floor or the top of a double bottom which is in excess of the dimensions given in Column A and Column B respectively of Table 1, shall be disregarded for the purposes of the measurement of the underdeck tonnage. In cases where the height of the floor or double bottom is limited in terms of subparagraph (a) or (b), the lowest breadth of the underdeck tonnage area in way of the limitation shall be the breadth between the inside of the shell at the equivalent height of the floor or double bottom after deducting therefrom twice the dimensions given in Column A and Column B respectively of Table 1.

(d) The limitations to be applied in terms of subparagraphs (a), (b) and (c) shall be exclusive of any allowance for ceiling.

(e) *Limitation of depths of frames.*—(i) That part of the transverse or longitudinal ship side framing, measured from the shell, which is in excess of the dimension given in Table 2, shall be disregarded for the purposes of the measurement of the underdeck tonnage.

(ii) In cases where alternate deep and shallow frames are fitted, that part of the deep frame, measured from the shell, which is in excess of the dimension given in Table 2 or twice the depth of the shallow frame, whichever is the lesser, shall be disregarded for the purposes of the measurement of the underdeck tonnage.

(iii) The limitations to be applied in terms of subparagraphs (i) and (ii) shall be exclusive of the allowance made for sparring.

4. *Space between the uppermost complete deck and the second deck.*—(a) The length of the space between the uppermost complete deck and the second deck shall be measured in a straight line between the points at the forward and after ends of the space where the inner surface of the frames, timbers, ceiling or sparring meets the middle plane of the ship at half the height between the upper surface of the second deck and the underside of the deck over. The length shall be divided into equal parts in accordance with the provisions of paragraph 1 (c). At each point of division of the length the horizontal breadth between the inner faces of the timbers, frames or sparring, if fitted, shall be measured at half the height of the between deck space at the shell. The breadth shall be numbered from forward, beginning with the extreme forward point of the length. The evenly numbered breadths shall be multiplied by four and the others, with the exception of the first and last, by two. The products shall be added together and to the sum shall be added the first and last breadth. The figure thus obtained shall be multiplied by one-third of the common interval between the breadths and the product shall be deemed to be the area of the mean horizontal plane of the space. The area thus obtained shall be multiplied by the mean

te wees van die vloere binne die dubbele bodem by die berekening van die onderdekse tonnemaat. Vir die voorste 25 persent van die totale tonnemaatlengte van die skip en vir die agterste 15 persent van die totale tonnemaatlengte word die hoogtes wat in kolom B van Tabel 1 aangegee word, met 50 persent vermeerder.

(c) *Beperking van die grootte van kimsteune.*—Daardie deel van die horisontale wydte van 'n kimsteun, gemeet vanaf die huid tot by die binneboordse toon van die steun op die hoogte van 'n oop vloer of die top van 'n dubbele bodem wat meer is as die afmetings aangegee onderskeidelik in kolom A en kolom B van Tabel 1, word buite rekening gelaat by die berekening van die onderdekse tonnemaat. In gevalle waar die hoogte van die vloer of dubbele bodem ooreenkomstig subparagrafe (a) of (b) beperk word, is die kleinste breedte van die onderdekse tonnemaatoppervlakte op grond van die beperking die breedte tussen die binnekant van die huid teen die ooreenstemmende hoogte van die vloer of dubbele bodem nadat twee maal die afmetings wat onderskeidelik in kolom A en kolom B van Tabel 1 aangegee word, daarvan afgetrek is.

(d) Die beperkings wat ooreenkomstig subparagrafe (a), (b) en (c) van toepassing is, sluit geen toelating vir deksoldering in nie.

(e) *Beperking van diepte van spante.*—(i) Daardie deel van die dwars- of langsskeppspante, gemeet vanaf die huid, wat meer is as die afmeting aangegee in Tabel 2, word buite rekening gelaat by die berekening van die onderdekse tonnemaat.

(ii) In gevalle waar diep en vlak spante om die beurt aangebring is, word daardie deel van die diep spant, gemeet vanaf die huid, wat meer is as die afmeting wat in Tabel 2 aangegee word of twee maal die diepte van die vlakspant, naamlik die kleinste, by die berekening van die onderdekse tonnemaat buite rekening gelaat.

(iii) Die beperkings wat ooreenkomstig subparagrafe (i) en (ii) toegepas word, sluit nie die toelating in wat vir sparring gemaak word nie.

4. *Ruimte tussen die heel boonste volledige dek en die tweede dek.*—(a) Die lengte van die ruimte tussen die heel boonste volledige dek en die tweede dek word in 'n reguit lyn gemeet tussen die punte by die voorste en agterste ente van die ruimte waar die binne-oppervlak van die spante, balke, deksoldering of sparring die middelvlak van die skip op helfte van die hoogte tussen die boonste oppervlak van die tweede dek en die onderkant van die oordekking ontmoet. Die lengte word verdeel in gelyke dele ooreenkomstig paragraaf 1 (c). By elke verdelingspunt van die lengte word die horisontale breedte tussen die binnevlakke van die balke, spante of sparring, as dié gemonteer is, gemeet op die helfte van die hoogte van die tussendeke ruimte by die huid. Die breedte word van voor af genommer, beginnende met die verste voorste punt van die lengte. Die breedtes met ewe nommers word vermenigvuldig met vier en die ander, met uitsondering van die eerste en laaste, met twee. Die produkte word bymekaar getel en by die som word die eerste en laaste breedte gevoeg. Die syfer aldus verkry, word vermenigvuldig met een derde van die gemeenskaplike interval tussen die breedtes, en die produk word gegag die oppervlakte te wees van die gemiddelde horisontale vlak van die ruimte. Die oppervlakte aldus verkry, word vermenigvuldig met die gemiddelde hoogte tussen

height between the upper surface of the second deck and the underside of the deck over and the product, divided by 2,83, shall be deemed to be the tonnage of the between deck space.

(b) In cases where a break exists in the second deck and/or the uppermost complete deck, the lower level of the deck shall be extended through the break parallel to the raised part of the break and the line or lines shall be deemed to be the second deck or the uppermost complete deck, as the case may be, for the purposes of the measurement of the tonnage of the between deck space.

(c) The allowance for sparring or insulation shall not exceed 0,075 metre on either side.

5. *Breaks in the deck.*—(a) The length of a break in the deck shall be measured in a straight line between the points at the forward and after ends of the break where the inner surface of the frames, timbers, ceiling or sparring meets the middle plane of the ship at half the height of the break. The length shall be divided into two equal parts when it is 15 metres or less, four equal parts when it is more than 15 metres but not more than 68 metres and six equal parts when it is over 68 metres. At each point of division of the length, the horizontal breadth between the inner faces of the timbers, frames or sparring, if fitted, shall be measured at half the height of the break at the shell. The breadths shall be numbered from forward beginning with the extreme forward point of the length. The evenly numbered breadths shall be multiplied by four and the others, with the exception of the first and last, by two. The products shall be added together and to the sum shall be added the first and last breadths. The figure thus obtained shall be multiplied by one-third of the common interval between the breadths, and the product shall be deemed to be the area of the mean horizontal plane of the break. The area thus obtained shall be multiplied by the mean height of the break, and the product, divided by 2,83, shall be deemed to be the tonnage of the break.

